



BRITTANJE WEIER SY DEELNAME AAN EUROPESE PLAN

Ses Europese lande het verlede Saterdag ooreengekom om samesprekings te hou met die oog op die samevoeging van hul basiese staal- en steenkoolnywerhede. Hulle is Frankryk, Wes-Duitsland, Italië, Nederland, België en Luxemburg. Brittanje, by wie, van Franse kant, sterk aangedring is om sy medewerking ook te gee, het met allerlei niksseggende voorwendsels sy deelname geweier. Dit verhinder egter niks aan die feit dat met die voorgestelde Schuman-plan 'n aanvang gemaak sal word nie.

Daar sal onthou word dat Robert Schuman, Franse minister van buitelandse sake, 'n paar weke gelede by geleentheid van 'n vergadering van die Amerikaanse, Britse en Franse ministers van buitelandse sake, die wêreld verras het met 'n voorstel dat Frankryk en Duitsland hul steenkool- en staalnywerhede saamgooi onder 'n gemeenskaplike gesag en dat ander Europese lande uitgenooi word om ook deel te neem. Indien die plan tot uitvoering gebring word, sal dit die eerste stap wees tot 'n Europese bond en dus 'n einde bring aan die eeu-oue onderlinge oorloë op daardie vasteland — oorloë wat deur voorstanders van Europese eenheid beskryf is as „burgeroorloë” en waaraan Brittanje as aanhitter sowel as deelnemer, steeds 'n belangrike aandeel gehad het in die handhawing van sy beleid van magsewewig.

EMPIRE

Die wêreld kan totsover nog nie duidelikheid kry waarom Brittanje sy deelname weier nie, maar lesers van Die O.B. sal onthou dat ons blad geruime tyd lank reeds beklemtoon dat die Britse Ryk in die pad staan van gesonde Europese samewerking. Brittanje staan voor die vraagstuk van te kies tussen sy Em-

pire en Europa, en die keuse val hom te moeilik. Hy probeer dus om op twee stoele te bly sit. Hy wil en kan hom nie heeltemal onttrek aan Europa vlak langs hom nie, en wil hom nie losmaak van sy Empire of laasgenoemde met sy bure deel nie, wat in groter of geringer mate sal moet gebeur indien hy deel word van Europa.

'n Ander rede vir die Britse weiering is die vrees van sy arbeiders — van wie se stemme die huidige regering afhanklik is — dat hulle meer werk vir minder geld sal moet lewer indien hulle gelyk met byvoorbeeld die Duitse werkers geskakel word, soos die plan beoog.

Toe mnr. Havenga vir dr. Malan op sy verjaardag gelukgewens het, was sy betekenisvolle woorde dat Afrikanereenheid alle ander sake oorskadu en dat hy en dr. Malan almal moet inskakel wat soos hulle oor groot sake dink.

WATTER BOODSKAP

Vir almal wat waarlik Afrikanersamewerking begeer is die uitlatings van mnr. Havenga en sy blad 'n riem onder die hart, want dit getuig daarvan dat mnr. Havenga nog nie die hoop op samewerking opgegee het nie. Aan die ander kant egter herinner mnr. Havenga se pleidooi aan die bedroewende waarheid dat samewerking nog steeds nie bereik is nie — anders sou hy mos nie daarvoor pleit nie.

Oor minder as twee maande vind die kongres van die Afrikanerparty plaas. Watter boodskap sal mnr. Havenga bring? Sal hy in staat wees om 'n nuwe tydperk van Afrikanersamewerking te kan aankondig? Of sal hy maar weer stelling moet inneem ten aansien van die voortdurende vyandskap en diskriminasie van een groep Afrikaners teenoor 'n ander groep?

UITSLUITING

Die diskriminasieprobleem is die probleem van die Herenigde Nasionale Party se uitsluitingsbeleid teen lede van die Ossewabrandwag — buitekanter en selfs binnekant die Afrikanerparty.

Met die Volksraadsverkiezing in 1948 het die Herenigde Nasionale Party beslis geweier om 'n Afrikanerpartykandidaat te ondersteun wat ook lid is van

Woonbuurtskeiding Is H.N.P. Se Apartheid

Tydens die bespreking in die Volksraad van die Wetsontwerp op Groepsgebiede, wat aparte woonbuurte instel, het die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, verklaar dat dit die belangrikste is onder al die wetgewing ter uitvoering van die apartheidbeleid. Trouens hierdie wetsontwerp is apartheid en dit is die kern van die beleid van apartheid.

Dr. Malan Oor V.P. Se Vordering

Dr. Malan het gesê dat sedert hy lid van die Volksraad is hy al verskeie kere voorstelle gedoen het waarin aangedring is op maatskaplike en woonbuurt-apartheid en so ver moontlik ook nywerheidsapartheid. Maar keer op keer wanneer dit voorgestel is, is dit deur die regerende party van die dag afgestem. Daarom is dit vir hom 'n eer om tot die regering te behoort wat hierdie wetgewing deurvoer.

OPPOSISIE VORDER

Dr. Malan het voorts gesê dat die Opposisie vordering gemaak het in die opsig dat hulle tans die beginsels van hierdie wetsontwerp aanneem — altans dié wat die waarnemende Leier van die Opposisie, adv. Strauss, volg. In die toesprake van lede van die Opposisie het die Regering egter nog niks anders as opposisie ondervind nie, het hy bygevoeg.

Die Eerste Minister het twee vorderings wat die Opposisie

gemaak het aangedui:

Die Opposisie het nader gekom aan die Regering se apartheidbeleid.

Nog 'n toenadering is dat die Opposisie nou ook samewerking ten opsigte van die kleurvraagstuk bepleit.

Adv. Strauss, die Opposisieleier, het tussengewerp dat sy party samewerking „sonder voorwaardes” bepleit.

AFSONDERING

Dr. Malan het gesê dat hy hierdie samewerking begeer het in die verlede toe hy nie een keer nie, maar drie keer voorgestel het dat die kleurvraagstuk in sy volle omvang verwys moet word na 'n gesamentlike kommissie van albei Huisse van die Parlement. Ongelukkig is daardie voorstel drie keer verwerp. Nou uiteindelik het die wysheid van daardie beleid tot die Opposisie deurgedring.

Voordat hy by die vraag van

samewerking kom, is dit nodig dat hy die standpunt van die Opposisie ontleed. Die Opposisie moet duidelik sê wat sy woord „afsondering” beteken en wat die verskil is tussen afsondering en apartheid.

MINDER REGTE

Op een punt na is die verskil nul. Daardie een punt is dat apartheid beteken dat elkeen op sy eie terrein staan waar hy homself kan uitleef en ontwikkel, en dan is samewerking en goeie betrekkinge nie uitgesluit nie. Afsondering beteken egter dat daar afhoeking is. Die Opposisie staan vir afsondering, wat by implikasie minder regte aan die nie-blanke toestaan. Staan hulle dan daarvoor?

Dr. Malan kon sy toespraak nie voltooi nie omdat sy tyd verstryk het en mnr. S. Kahn, die kommunistiese lid, beswaar gemaak het teen verlenging van tyd.

UITSUIWERING VAN H.N.P.

Netelige Vraag Vir A.P.-Kongres

Die Vaderland, wat beskou word as die mondstuk van mnr. N. C. Havenga, het 'n baie duidelike aanduiding gegee dat die kwessie van die Herenigde Nasionale Party se diskriminasie teen die O.B.-lede van die Afrikanerparty ter sprake sal kom op die komende Kongres van die Afrikanerparty wat op 25 en 26 Julie op Bloemfontein gehou sal word. Die blad het die raadsaamheid om onbepaald te bly diskrimineer tussen Afrikaners wat almal dieselfde pad bewandel beskryf as die groot vraag wat op Julie se kongres uitgemaak sal moet word, skrywe ons politieke medewerker.

die Ossewabrandwag. Dit het die gemoedere gaande gemaak en eindelijk daartoe gelei dat adv. John Vorster hom in Brakpan verkiesbaar gestel het as Onafhanklike Afrikanerpartykandidaat. Hierop het die verklaring van die Dagbestuur van die H.N.P. van Transvaal gevolg dat „die organisasie van die H.N.P. in Brakpan nie aan die verkiesing kan deelneem nie.”

Soos bekend het adv. Vorster die verkiesing verloor met 'n paar stemme.

GEEN DEELNAME

Met die Provinsiale Raadsverkiezings in 1949 het die Herenigde Nasionale Party weer beslis geweier om kandidate van die Afrikanerparty te ondersteun wat terselfdertyd lede is van die Ossewabrandwag. As gevolg van hierdie vyandskap het die Afrikanerparty al sy kandidate teruggetrek en die Hoofbestuur het besluit „dat die Afrikanerparty onder die bestaande omstandighede geen aandeel aan die Provinsiale verkiesings sal hê nie.”

Die Herenigde Nasionale Party moes derhalwe alleen die verkiesings voer en die Party het heelwat swakker gevaar as in 1948. Onder andere is die kiesafdelings Paarl en Bredasdorp aan die Verenigde Party verloor.

Sedertdien het die Herenigde Nasionale Party nog nie sy standpunt insake diskriminasie gewysig nie en het die Kongres van die Afrikanerparty nog nie vergader om verdere aandag aan die saak te kan skenk nie. Dit sal oënskynlik nou op die Julie-kongres gebeur.

VERMETELE BESLUIT

Die volgende besluite van die provinsiale kongresse van die Herenigde Nasionale Party werp heldere lig op die betrokke party se houding teenoor lede van die Ossewabrandwag.

Op 17 September 1947 het die H.N.P. van Transvaal soos volg besluit:

„Die H.N.P. of V. van Transvaal is bereid om lede van die O.B. toe te laat as lede van die Party sonder dat geëis word dat hulle eers as lede van die O.B. moet bedank, op voorwaarde dat die Grootraad van die O.B. die volgende onderneming gee en 'n openbare verklaring te dien effekte doen, naamlik:

1. Dat die O.B. as organisasie hom geheel-en-al van die politieke terrein onttrek;
2. Dat die O.B. sy beleid laat vaar om (a) die demokrasie te vernietig; (b) 'n gesagstaafte partylose staat tot stand te bring; en (c) alle politieke partye te vernietig.”

Sedert hierdie vermetele besluit geneem is, het die H.N.P. van Transvaal geen nuwe besluit met betrekking tot die Ossewabrandwag geneem nie en die diskriminasie teen O.B.-lede duur onverpoosd voort. Trouens die party het sy beleid toegemas toe hy in 1948 en weer in 1949 geweier het om selfs die kandidate van sy bondgenootparty te ondersteun indien hulle lede van die O.B. is.

KANDIDAATSKAP

Dr. Malan het op 23 September 1947 op De Aar die volgende besluit voorgestel en die Kongres van die Kaaplandse H.N.P.

het dit op 24 September aanvaar:

„1. Die bestaande verhouding van die Party tot die O.B.-organisasie as sodanig bly onveranderd.

„2. Die vorige kongresbesluit, naamlik dat geen O.B.-lid wat nie eers as sodanig bedank het, lid van die Party mag wees nie, word gewysig en daar word nou bepaal dat 'n O.B.-lid wat nie as sodanig bedank het nie tot die lidmaatskap van die Party toegelaat mag word, alleen as die Distriksraad op aanbeveling van die betrokke wyksraad homself eers tevrede gestel het (a) dat sodanige lid nie of nie langer die leer van die sogenaamde gesag- of partylose staat aanhang nie; (b) dat hy die grondslag van volksregering waarop ons Party berus aanvaar; en (c) dat hy bereid is om in alle opregtheid getrouheid aan die Party te belooft, ooreenkomstig die eise wat aan alle ander Partylede gestel word.

„3. Geen lid van die Party wat ook nog lid van die O.B. is, mag as ampsdraer van die Party verkies word nie. Onder ampsdraer word ook ingesluit alle Parlements- en Provinsiale Raadslede en kandidate wat deur die Party ondersteun word.”

Hierdie besluit het dieselfde diskriminasiedoel gedien as die Transvaalse besluit, en onder dekking hiervan het die Party in 1948 diskrimineer teen die Afrikanerpartykandidate wat terselfdertyd O.B.-lede is.

Hierdie besluit het dieselfde diskriminasiedoel gedien as die Transvaalse besluit, en onder dekking hiervan het die party in 1948 diskrimineer teen die Afrikanerpartykandidate wat terselfdertyd O.B.-lede is.

BEDEKTE UITSLUITING

Op Dinsdag 26 Oktober 1948 het die kongres van die Kaaplandse H.N.P. egter 'n meer bedekte diskriminasiebesluit aangeneem, en wel soos volg:

„Die kongres besluit om met die oog op die klaarblyklike begeerte van groot getalle persone wat in die verlede om die een of ander rede nie lede van die (vervolg op bladsy 6 kolom 3)

Meerderheid Immigrante Nog Brits

Immigrante na Suid-Afrika word vir die merendeel nog deur Brittanje gelewer, het mnr. A. B. Kriegler, voormalige voorsitter van die immigrasie-keurkomitee in Londen, by sy terugkoms in Kaapstad gesê.

Besorgdheid is onlangs in Engelse kringe uitgespreek oor die daling in die syfer van Britse immigrante na die Unie. Volgens mnr. Kriegler moet die daling toegeskryf word aan die verbetering in die Britse ekonomiese posisie en aan die swartsmoedery van die Unie deur mislukte immigrante wat terugkeer.

DIE O.B., WOENSDAG, 7 JUNIE 1950

EEN DING STAAN IN DIE PAD

Die feit dat nyweraars reeds hul organisasie aangebied het as sekretariaat vir die ondersoek na 'n breë volksbeleid ten opsigte van die natuurleevraagstuk spreek nie net van die dringendheid van hierdie vraagstuk nie, maar ook van die groeiende kommer by „die volk daarbuite” oor die vrugtelose geskarrel en toutrekkery op partypolitieke gebied oor hierdie saak. Daar word in die algemeen besef dat op die gesig van die verklaarde politieke beleide daar so 'n ooreenstemming is dat die partye tans hul twis eintlik moet soek in die keuse van sinonieme en nie meer in die teenstelling van beginsels nie, soos dr. Malan se verklaring in die volksraad dan ook breed onderstreep. Die een party staan vir „apartheid”, die ander vir „afsondering” en politieke bedrywighede binne sowel as buite die parlement word toegespits op die uitleg van die teenparty se woordkeuse. Teenstand in die parlement het geruime tyd gelede reeds opgehou om 'n skyn van prinsipiële egtheid te vertoon. Daar word van opposisie-kant reeds prontuit verklaar dat hulle voorgestelde maatreëls in die rigting van „apartheid” bekamp omdat dit hulle plig is as opposisie om te opponeer, soos kort gelede deur 'n V.P.-lid openhartig bely.

Waar die H.N.P. nou die ideaal van algehele skeiding verruil het vir dié van sosiale en woonbuurte-skeiding onder die benaming „apartheid”, vloei hul beleid nou saam met dié van die Verenigde Party onder die benaming „afsondering”, en waar laasgenoemde party vir 'n jaar of wat gelede onomwonde die ideaal van 'n afsonderlike natuurelgebied as tuiste vir die natuurel en die ontwikkeling daarvan as deel van hul beleid aanvaar het, vloei hul beleid nou saam met die van die H.N.P.

GEBREK AAN MOED

Heeltemal los van hierdie samevloeiing staan die ideaal van algehele segregasie, wat nie in die huidige skaakbordtoestand wil berus nie. Dog hierdie ideaal word as ideaal prinsipiëel nie deur die H.N.P. bестry of selfs deur die liberaliste in en buite die Verenigde Party as onversoenbaar met hul beleid beskou nie. Intendeel, almal erken dat dit die ideale oplossing vir die natuurleevraagstuk sal wees. Die beswaar daarteen berus eerder op gebrek aan moed in die aangesig van die worteldiepte wat die heersende toestand reeds bereik het — 'n gebrek aan moed wat deur die instelling van opponerende politieke partye binne die staatsmasjien eerder bevorder as besweer word.

Waar die politieke partye geen fout vind met die ideaal van algehele segregasie nie, is dit net so waar dat voorstanders van algehele segregasie ook geen fout vind met die praktiese toepassing van „apartheid” of „afsondering” binne die blanke gebied as 'n tussentydse maatreël nie, en wel omdat daarmee rekening gehou word dat die deursoering van algehele segregasie geleidelik oor 'n tydperk van geslagte sal moet plaasvind.

TEKEN VAN VERSET

Vir die huidige dus, staan niks in die pad van 'n volksbreë benadering van die vraagstuk nie — niks behalwe die partypolitiek. En as die partypolitici, die leiers van wie almal reeds die wenslikheid om die saak uit die „partyarena” te lig, beklemtoon het, nie vanself die leiding neem soos wyle genl. Hertzog dit in die dertiger jare gedoen het nie, dan kan verwag word dat nie-partypolitieke optrede, waarvan die Gefedereerde Kamers van Nywerhede 'n voorbeeld is, uiteindelik tot 'n magtige verset teen die partypolitiek ten opsigte van hierdie kwessie sal ontwikkel. 'n Volk mag 'n baie logge organisme wees, veral as dit nog kunsmatig deur die partypolitiek verdeel word, maar hy het 'n sin vir selfbehoud en daarmee sal die politici rekening moet hou — en ook diegene wat geen heil in die partypolitiek sien nie.

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

VOORRAAD BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

Toe Engeland 'n Republiek Was

Dit klink amper na heiligskenis, maar dit is tog 'n feit. Die tyd toe Jan van Riebeeck hier geland het, was Engeland 'n republiek — en nogal deeglik ook. Niemand kon dit byvoorbeeld „Sy Majesteit se Republiek” noem nie, aangesien Sy Majesteit met die stigting van die republiek onthoof is. Die rewolusie het eintlik sy oorsprong gehad in kerklike moeilikhede.

Op 31 Oktober 1517 het Luther in Duitsland sy 95 stellinge gepubliseer. In 1534 het Hendrik VIII die Anglikaanse Kerk in Engeland gestig, en toe Karel I in 1625 die troon bestyg was die land reeds in ernstige gisting. Daar was twee partye binne die Engelse staatskerk (die Anglikaanse kerk) nl. die Katoliek-gesinde en die Protestants-gesinde.

VERVOLGING

Waar die koning eintlik die hoogste gesag in die Anglikaanse kerk is, wou die protestant-gesinde Puriteine 'n kerkregering deur ouderlinge of „presbiter” hê. Hiervan wou Karel I niks hoor nie, veral aangesien hy nogal behae daarin geskep het om sy kerklike magte toe te pas. Hy het gevolglik geestelikes wat te protestants preek vervolg. Hiermee was die Engelse laerhuis gladnie gediend nie, en hulle het gedurig geprotesteer. Destyds het die Engelse koning en Hoërhuis die meeste mag gehad.

BEGROTING

Die laerhuis moes egter die begrotings goedkeur en het mettertyd geweier om dit te doen, toe hulle protes nie aangehoor is nie. Die gevolg was dat Karel I die parlement ontbind het in 1629 en nie weer byeengeroep het voor 1640 nie. Die nodige geld is op allerlei maniere deur die koning en sy ministers direk ingevorder. Intussen het hulle ook so hard moontlik probeer om die Anglikaanse kerk Katoliek te maak. In Engeland het dit nog gegaan, maar toe die koning dit in 1638 in Skotland ook probeer het dit begin lol. Die Skotte het 'n leër op die been gebring en in 1640 moes die koning maar weer die Parlement byeenoep.

BURGEROORLOG

Die Parlement en die koning kon maar nie stryk nie en in 1642 het die burgeroorlog uitgebreek. Aan die koning se kant was die lords en ook 'n sterk minderheid van die Commons. Die Parlement het heelwat geld gehad en heelwat steun uit Suid-Engeland met al die groot stede.

Die beslissende slag is eers in 1644 gelewer toe 'n leër van Karel I by Marstonmoor vernietigend verslaan is. Dit was veral die werk van Cromwell en sy „Ironsides”.

CROMWELL

„Cromwell was 'n nie te spraaksame Parlements lid afkomstig uit Cambridge-distrik. Met die uitbreek van die burgeroorlog het hy homself op sy plasie teruggetrek om uit boere en ander vywilligers 'n keurbende te vorm. In 'n kort tyd was hulle pragtig georganiseer

en almal deurtrek van dieselfde gees. Wat ook vir Cromwell besiel het: 'n rotsvaste oortuiging om te stry vir 'n regverdige saak, om die opdrag van God te vervul waarvoor alles geoffer moes word, maar terselfdertyd deurdring van 'n nugtere en praktiese gees.

„Oliver Cromwell was 'n Calvinis in hart en niere. Niks was vir hom so duidelik as sy eie sodanigheid nie en God se onvolprese, volmaak onverdiende genade. Nooit het hy aan eie heil of belang gedink nie, maar homself volledig in diens van die respublica (publieke saak) gestel. Daarby het hy maar al te goed geweet dat naas die hulp van God 'n goeie geweer en welversorgde perde nodig is. Sy teëstanders was sterk deur hulle onbeperkte loyaliteit aan hul koning, sy troepe sou sterk wees deur hul nog onbeperkte onderwerping aan die hoër mag van God.

ONTHOOF

„Na leer of kerkgemeenskap het hy nie gevra nie, almal wat met dieselfde gees as hy besiel was, was welkom. Na twee jaar was hy gereed, by Marstonmoor het hy die ontembare krag van sy troepe bewys, en met één slag het hy nie alleen die koningsmag onherstelbaar ver-

Deur A. J. van Rooy

swak nie, maar het self die onbetwisbare outoriteit in die leër geword.

„Enkele maande daarna verslaan hy Karel I opnuut, sodat die koning na Skotland vlug, waar hy gevange geneem is. Die burgeroorlog is beëindig.”

Op 30 Januarie 1649 is Karel I onthoof en Engeland was 'n republiek — d.w.s. 'n bietjie meer as driehonderd jaar gelede.

HERVORMING

Nadat Cromwell agtereenvolgens Ierland en Skotland ook onderwerp het, het hy in samenwerking met die Parlement verskillende maatreëls geneem tot bevordering van die regspraak, hervorming van die binnelandse bestuur en bevordering van die handel. In 1653 het Cromwell nog boonop die Parlement huistoe gejaag, en hy is deur die leër tot „Lord Protector” benoem met die opdrag om die land te regeer volgens 'n nuwe

konstitusie. 'n Mens se mond water eintlik!

Intussen het Cromwell ook die Anglikaanse kerk so vinnig moontlik gesuiwer.

Dit lyk egter of die nuwe konstitusie vir hom ook nie 'n Parlement kon verskaf waarmee hy oor die weg kon kom nie. Hy het gevolglik die Parlement keer op keer ontbind — die laaste keer in 1658.

VRYHEID

„Met ystere vuus is elke onenigheid in die land onderdruk, terwyl intussen die individuele vryheid gewaarborg is deur groter regsekerheid en deur 'n ver deurgevoerde verdraagsaamheid.”

Op 3 September 1658 is Oliver Cromwell oorlede. „Die swaar werk en die nog swaarder verantwoordelikheid, die vele teurstellinge wat hy ondervind het met die opbou van 'n nuwe Engeland, die moeilikheid met die Parlement en in die laaste tyd die sensuïele onveiligheid waarin hy verkeer het deur die vele vrugtelose aanslae op hom gerig, het ontydig 'n einde aan sy lewe gemaak. Sy rol in die geskiedenis is dié van 'n gelowige stryder vir wat hy as die waarheid aanvaar het, besielend vir almal wat met sy stoere gees in aanraking gekom het, hard deurdrywend sonder om aan die leed te dink, wat sy felle stryd gewek het, sonder om die slagoffers te tel, wat hy met die volvoering van die opdrag van God gemaak het; 'n man wat waarheidsgetrou en uit een stuk was, wat geen eersug vir homself geken het nie, maar nederige diensbaarheid aan God en die grootheid van sy land, die meeste indrukwekkend toe hy, uit diepe verontwaardiging oor die skending van die Engelse vryhede, die gevare vir die Protestantisme en die slappe dubbelsinnigheid van die koning die stryd aanvaar het vir die die Parlement en teen Karel I”.

TYDELIK

Cromwell het sy merk gemaak, veral deur die blywende vestiging van Engeland as 'n groot seevarende en handelsmoondheid. Ongelukkig is nie daarin geslaag om 'n grondwet te ontwerp wat Cromwell se staatsidee in 'n blywende staatsvorm kon giet nie. 'n Vrye verkiesing vir 'n Parlement is na Cromwell se dood uitgeskrywe en op 25 Mei 1660 het Karel II in Engeland geland. Van 1649 tot 1660 was Engeland nogtans 'n republiek — in die tyd van Jan van Riebeeck.

Werkers Begin Dink Aan Hoër Produksie

Onder die besef dat die langdurige stryd van die werkers teen kapitalistiese uitbuiting 'n stadium bereik het waar die slinger te ver geswaai het sodat dit tans dreig om op die kop van die werker terug te slaan, sal die wêreldarbeidsorganisasie wat vandag sy 33ste konferensie in Genève begin, vir die eerste maal in die geskiedenis as hoofpunt die vraagstuk van groter produksie bespreek.

In die afgelope tiental-jare het die vakbondbeweging hom hoofsaaklik of byna uitsluitend besig gehou met die afdwinging van minder werkure en hoër lone. Die gevolg is dat in sekere lande waar hierdie beleid die verste deurgevoer is, die werker vandag self onder die lae produksie begin ly in die vorm van stygende lewenskoste.

Die arbeidskonferensie in Genève sal nou die vraagstuk bespreek van hoër lone deur hoër produksie. Die direkteurgeneraal van die wêreldarbeidskantoor, D. A. Morse, het in dié

verband gesê dat dit waar is dat alleen wanneer die gemiddelde man groter rykdom produseer, hy 'n noemenswaardige hoër lewenstandaard kan handhaaf. Dit beteken nie noodwendig harder werk nie — wat soms ook nodig is — maar veral beter werktuie, beter organisasie en bestuur.

In sy jaarverslag word voorts verklaar dat beroepsvoorligting en die keuse van werkers volgens aanleg verantwoordelik was vir 'n styging in produksie van tussen tien en veertig persent waar dit toegepas was.

Die Vergetenes Van Duitsland (Slot)

Dogters Van Dertien In Steenkoolmyne

(Ons Duitse Korrespondent)

Daar is ongeveer 200 tot 250 „regime-kampe” in Rusland — by Stalingrad, Rostow, Moskou, Leningrad, in Tscheljapinsk, Magnitogorsk (Ural), by Swerdlowsk en veral by Karaganda in Siberië. In hierdie regime-kampe word veral die sogenaamde „Gesperrte Einheiten” gevange gehou. Tot hierdie „Gesperrte Einheiten” behoort spesiale troepe soos die S.S.-soldate polisie-troepe, „Blutgruppen-träger”, maar onder andere ook geleerdes van verskillende wetenskaplike beroepe. Oordag moet hulle hard werk en snags word hulle bowendien nog deur polisie-offisiere verhoor.

Dan is daar die dwangarbeidskampe, wat volgens al die verhale wat Duitsland bereik het, die verskriklikste kampe in Rusland is. Hier herinner die strafvervolging aan die gruwelike tonele wat Dostojewski in sy „Herinnerings uit 'n Dodehuis” beskryf.

„'n Duitse gevangene, wat tot 25 jaar dwangarbeid veroordeel is en die volgende dag na 'n dwangarbeidskamp gestuur sou word, het voor die tyd nog urelank geloop en soek na 'n stukkie papier en potlood,” vertel 'n teruggekeerde soldaat. „Later het ek hom in die hoekie van die kamp gesien sit — hy het oor en oor dieselfde op die stukkie papier gesit en skryf: sy naam, en nogmaals sy naam.”

Nooit weer terug te keer, vergeet te word — die gedagte daaraan het hom tot geestesverwarring gebring.

VROUE-SLAWE

Dat agter die lewe van 'n Rusland-gevangene ontsaglik veel leed skuil, is deur die berigte van honderdduisende wat intussen teruggekeer het, terdeë bevestig. Maar dat ook duisende vroue deur die hel van die Russiese doringdraad moes gaan en

nog moet gaan, is amper onvoorstelbaar.

'n Paar duisend vroue het intussen uit Rusland na Duitsland teruggekeer, maar daarteenoor word nog ongeveer 90,000 vroue in die Ooste vermis—Rooikruis-verpleegsters, „Stabshefnerinnen” (vroulike hulpkrigte van die militêre staf) en vroue wat in 1945 voor die Sowjetmagte uit gevlug het wat 'n paar uur later hul huise en dorpe beset het; vroue wat nog probeer het om hul heil in die weste van Duitsland te soek, maar deur die Sowjet-magte ingehaal en weggesleep is. Ander vroue, wat in hul wonings gebly het, is uit hul huise gehaal onder voorwendsel dat daar aan hul huise gewerk moes word.

Wie op die lang voetmars nie meer kon volhou nie, is doodgeskiet, het twee teruggekeerde vroue vertel, wat nog steeds in 'n hospitaal in Wes-Duitsland lê, al het hulle reeds 'n jaar gelede uit Rusland teruggekeer.

STEENKOOLMYNE

Tot 1948 het hierdie vroue in die steenkoolmyne in die Donezgebied moes werk en het die steenkool met hulle hande losgemaak. Drie-en-veertig van hulle is saam in 'n kamer onderdak gebring. „Wekelank het ons nooit uit ons klere gekom nie; die koue was verskriklik en elke lappie wat aan jou liggaam pas het jy aangetrek ten einde enigens teen die koue bestand te wees. Gedurende die nag het ons dig teen mekaar lepel gelê om minder van die koue te voel. In ons transportgroep was daar dertien- en veertienjarige meisies. Verskriklik was die epidemies. Die wat toe al gestorf het, was die meeste.

BEVOLKING SIMPATIEK

„Later in Rusland het ons weens die skaarste aan voedsel dikwels by die mense gebedel, maar die Russiese volk self het niks. Die ouere Russe was meesal vriendelik teenoor ons; dikwels het hulle gehuil as hulle ons langsaam in die arbeidskolonnes sien voortsleep het soos mense wat geen gevoel meer in hul bene gehad het nie.”

Hierdie vroue vertel van die oorvolle gevangenis waarin twee-derdes aan uitputting, tifus ens. omgekom het en ook van vroue wat tot tien jaar dwangarbeid veroordeel is.

SOOS MANS

Die skokkendste beeld van alle vrouelike gevangene-transporte wat na Duitsland teruggekeer op veertigjarige vroue gesien, 'n haltplek in Wes-Duitsland. Daar het vyf-en-twintigjarige meisies teruggekom wat op veertigjarige vroue gelyk het; sommige met manlike trekke op hul gesigte. Hul oë was tam en sonder uitdrukking — oë waaruit die Russiese Molog elke glans gebly het. Sommige het kinders aan die hand gehad — kinders wat in 1945 saamgesleep is. Die jongste was toe drie jaar.

KRAKE

Die paniese skrik vir die Russiese Molog ken die gevangenes wat uit Rusland terugkeer meestal nie. Wat op hulle almal 'n stempel afgedruk het was die bittere, onmenswaardige lewe, die lewe in 'n staat waar die staat alles is en die mens niks. Waar die sogenaamde „reg” na willekeur gehandhaaf word — 'n reg wat 'n eie persoonlikheid nie toelaat nie, 'n eie besef nie kan duld nie. Hierdie gevangenes het naas dit 'n blik vir nuwe, vir hulle voorheen onbekende werklikhede gekry, het uit eie harde ondervinding geleer dat alle wysheid oor Russiese dinge nie toereikend is as dit nie in Rusland self opgedoen is nie. Niemand van hulle sal daaraan dink om Rusland as 'n onbeduidende faktor af te skryf nie. Maar hulle het ook gesien dat in Sowjet-Rusland die bome nie tot aan die hemel groei nie, dat te veel kragte aan die werk is wat dit verhinder. Dit word gekenmerk deur korruptsie en spanning. Sekerlik mag dit nie oorskat word nie. Dit is egter 'n feit. Stellig is alles in Rusland nie so rooskleurig as wat die Sowjet dit graag wil laat glo nie.

GEEN BRUG

Dit kan begryp word dat nie elke gevangene wat na Duitsland terugkeer tot 'n kalme, objektiewe oordeel in staat is nie en dat dit by baie met haat geverf is. Maar as mens slegs in die middel van al die verhale en gegewens bly staan, begryp mens al spoedig dat elkeen wat wil probeer om 'n brug tussen Oos en Wes te slaan, eers vooraf die hoogste en fundamenteelste waarop die lewe en denke in Europa gebou is, prys sal moet gee: naamlik die oue, heilige wet, wat eerbied en agting vir die mens, vir die menslike lewe gebied — 'n wet wat die fondament van die regsdenke en regsgevoel van die Westerse wêreld is.

Burgerlike Gebruik Van Atoomkrag Onmoontlik

Atoom-energie sal waarskynlik nooit vir burgerlike gebruik aangewend kan word nie, het die Amerikaanse direkteur vir die ontwikkeling van atomiese krag gesê. Hy verklaar dat die koste om atomiese krag te ontwikkel, tien maal hoër is as krag uit steenkool. Die idee dat 'n motor op 'n klein atoompilletjie net so ver kan loop as op 'n tenk vol petrol, is ongegrond. So 'n pil sal minstens 'n voet in deursnit wees, en dit sal 'n beskutting van ses voet konkreet of die gelyke daarvan vereis om die bestuurder teen radio-aktiewe strale te beskerm.

Wapenfabriek Vir S.A.

Daar gaan moontlik binnekort 'n fabriek vir die vervaardiging van wapentuig in Suid-Afrika opgerig word.

Onderhandelings wat hierop afstuur word tans gevoer tussen 'n groep Suid-Afrikaanse nyweraars aan die een kant en die departemente van Ekonomiese Sake en Verdediging aan die ander kant.

Die regering is glo baie gretig dat die fabriek opgerig sal word en het reeds by voorbaat 'n bestelling vir 10,000 kleingewere geplaas.

Die Suid-Afrikaanse fabriek sal 'n loot wees van 'n groot buitelandse wapentuigonderneming. Die nasionaliteit van hierdie onderneming bly nog onbekend.

Geen Olie

Die Minister van Mynwese het in die Volksraad verklaar dat £90,000 uitgegee is aan prospekterwerk na olie sonder enige uitslag. Daar bestaan geen plan om verder te gaan nie, maar enige redelike vooruitsig sal ondersoek word.



PAS OP vir hulle!

Hulle is nuttige dinge, wanneer reg gebruik. Maar ENIGEEN van hulle kan 'n brand laat ontstaan wat u u huis en sy inhoud kan kos!

Gebruik hulle dus versigtig — en sorg boonop dat u beskerm is deur —

'n SANTAM-Brandpolis

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-3a

Al dra 'n dominium 'n republikeinse ring, hy is en bly 'n Empire-ting.

DIE VERBAND WAS HOOG ...

Sou sy die huis behou?



Fanie en Rina het elke moontlike pennie gespaar om daardie verband op hul huis afbetaal te kry—van menige plesiertjies afgesien om hul kinders 'n ware tuiste te kan gee. Alles het goed gegaan; nog 'n paar jaar en die huis sou hul eie wees. En toe oorval die noodlot hulle—Rina is alleen agtergelaat—'n jong weduwee met kinders om voor te sorg, groot te maak en op te voed. Nou moes sy sorg dat hulle 'n tuiste sou hê.

● Sê nou, so iets sou ook met U gebeur? Sou U gesinnetjie hulle tuiste behou, of sou hulle maar iewers in 'n losieshuis of onder 'n vreemde dak, van maand tot maand moet klaarkom? Vra VANDAG hoedat Sanlam u gesin se tuiste kan beskerm.

Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.

Hoofkantoor:

Waalstraat 28, Kaapstad. Takke en Agentskappe Oral.



Sanlam, Afdeling 17a, Posbus 660, Kaapstad.

Laat my asb. dadelik weet hoe ek kan voorsorg tref dat my huis se verband afbetaal word indien ek nie meer daar sou wees nie.

NAAM:
ADRES:

Beroep: Ouderdom volgende Verjaarsdag: 51

Geen Herontmoeting Met Stalin Sê V.S.A.-President

Met die onnadenkenheid van 'n mot by kerslig en die goeie bedoelings van 'n hond wat ou skoene van die ashoop aandra, het die sekretaris van die V.V.O. Trygve Lie, hom in die afgelope weke tydens 'n statebesoek beywer vir 'n herontmoeting tussen Stalin en die Westerse leiers met die oog op beëindiging van die „koue oorlog”.

Volgens berig is, het Stalin tot so 'n samespreking ingewillig — 'n feit wat heeltemal verstaanbaar is as die uitlatings van 'n Politburo-lid in aanmerking geneem word, naamlik dat as Rusland daarin kan slaag om die Westerse staatsmanne nog twee jaar lank aan die kaart-tafel te hou, hy hul beursies sal opeis en hulle huistoe stuur.

Gelukkig het die oorlogse dwaasheid tans dermate in Amerika plek gemaak vir nugterheid dat pres. Truman, na berig word, aan Trygve Lie duidelik te verstaan gegee het

dat so 'n ontmoeting van Amerikaanse oogpunt beskou net so waarskynlik is as sonsopgaan in die weste. Amerika is geensins van plan om af te wyk van sy huidige beleid van die skeping en uitbouing van 'n Westerse blok nie. Rusland se boikot van die V.V.O. (uit protes teen die aanwesigheid van verteenwoordigers van Nasionale Sjina) het die V.V.O. as vredesapparaat kragteloos gemaak, en die Weste moet nou vir sy veiligheid staat maak op sy groep-organisasie, het hy gesê.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaapstad.

GRYSHARE

GRYSHARE, skiflers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregenesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregenesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Siektes en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade Aandag! As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besittings deel, of hoe? Merk julle besittings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegetydig by **Sunrise Nurseries,** Posbus 4 Nuweplaas. 19/4/TK

PLAAS TE KOOP

9½ Morge. Byna beplant met wingerd. Besproeiing Olfantsrivier. Die regte plek vir jong beginner. 2 Myl van Ko-op. Kelder. 3 Myl van dorp. Aandeel en kwota in Kelder. Woonhuis 4 vertrekke, spens, gang, badkamer, bediende kamer, water aangelê en telefoon. Nie nodig om boerdery gereedskap te koop nie. Verband kan gereël word indien nodig. Vir besonderhede skryf aan **Elenaar,** Bus 26, Porterville. 31/5/2B

PLUIMVEE TE KOOP

ROSHANA PLUIMVEEPLAAS.—Lid van S.A.P.V.-Telersregister. In besit Goewerments B.W.D. vry-sertifikaat. Wit Leghorn dagoud hennetjies f14, en dagoud haantjies f1/15/- per honderd. Kuikens word geteel van uitgesoekte hennetjies met hoë produksie en hane van die Pretoria Universiteitsproefplaas geteel onder toesig van prof. Gericke. Skryf aan mev. **A. Roscher,** Posbus 9080, Johannesburg. Telefoon 52.3067. 31/5/3

KAAS

Gouda. kaas in 1 en 2 pond grotes, direk van fabriek. Dieselfde goeie kwaliteit soos voorheen, 1/9 per pond, spoorvrag of posgeld ekstra. **S. Bekker,** Kleinfontein, Tarkastad. 31/5/2B

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billiker pryse **Babawaentjies,** stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel.—**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. **Spesiale A1 80/-;** Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe selsoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No. 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6.
Vry gelaai soutwerke vir tevredeheid en dadelike aflewering, probeer:—
M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloot, Bloemfontein.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

Direkteur:
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258, h/v Pretoriusstraat, PRETORIA.
Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

OSSEWABRANDWAG

STELLENBOSCH LEDEVERGADERING IN MURRAY-SAAL C.S.V.-GEBOU

op Donderdag, 22 Junie 1950 om 7.30 nm.

Besluite van Uniale Uitvoerende raad sal behandel word

Besoekende Spreker: GENL. MAX SMUTS.

Alle lede moet teenwoordig wees.

IS HELD VAN 1914 RAMPOKKER IN 1941

Komdt. P. G. Kilian, Middelburg, Tvl., skryf:

Ek het nou die dag weer 'n warm gesprek gehad met 'n persoon. Hy beskou homself as 'n Gesuiwerde Nasionalis. Hierdie Gesuiwerdes word veronderstel te wees „Nasionaliste” wat nie gesmelt het nie — honderd persent Boerse Afrikaners en honderd persent Republikeine. Altans, so vertolk hulle hulself. En hy is so gedemokratiseer dat ek hom beskou as intelligent genoeg en honderd persent ervare om hom enige tyd verkiesbaar te stel. Dus ek beskou hom en sy soort as die verpersoonliking van hulle party soos ons hom ken.

En op my vraag: „Waarom het julle jul rug op die O.B. gedraai? Waarom die O.B. in die rug aangeval? Wat het die O.B. gesondig wat julle nie kan verklaar nie?” het hy verleë rondgekyk en toe geantwoord. Dieselfde antwoord wat jy van almal kry as jy hulle daarna vra. Van dr. Malan en sy Ministers inkluis. Hulle pers het dit vir hulle voorgesê. Sy antwoord was: „Julle het drade geknip. Julle het bomme gegooi en soos rampokkers tekere gegaan.”

Toe vra ek hom 'n verdere vraag. Hy het my die antwoord skuldig gebly. En ek rig hierdie vraag aan die ganse Malaniet-party: „Generaals De Wet Beyers, De la Rey, Jopie Fourie en ander het ook drade geknip, bomme gegooi, geskiet. Hulle het gerebelleer teen dieselfde Empire en om dieselfde rede as waarteen die O.B. gerebelleer het. Hulle word tereg as ons helde vereer. Ook die Malaniet-party vereer daardie helde. Waarom is ONS dan rampokkers? Is daar 'n verskil tussen die Empire van 1914 en die Empire van 1941?”

KIESERS VERRAAI

En terwyl ek skryf, dit ook. Nou die dag het volgens radio-nuus drie Engelse parlementslede hulle party bedank. Hulle was aldrie glo Liberaliste. Hulle het toe glo by die Konserwatiewe Party aangesluit. Hulle

Soos Ons Lesers Dit Sien

rede was glo: „Ons sal volgende eleksie tog nie weer die aantal stemme kry nie”. („Dan val ons hopeloos uit en is ons posisie kwyt”). Maar dit het hulle nie hardop gesê nie. Hulle het hulle kiesers in die steek gelaat. Maar so is die Partypolitiek en die Politieke Partye.

Hulle kiesers (of stemvee), wat vir hulle vertrou het, moet nou toesien dat hulle vertrouelinge na 'n ander Party toe vlug, nie omdat hulle oortuiginge gegrond is om Konserwatief te word nie, maar omdat hulle met volgende eleksie nie weer genoeg stemme in die Liberale Party sal kry nie . . .

Die O.B. is op die regte pad. Liewers 'n partylose gesagstaar as 'n gesaglose partystaat.

Min. Havenga Se Belangrike Toespraak

Mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, gaan 'n baie belangrike toespraak hou by geleentheid van die opening van die kongres van die Afrikanerparty wat aanstaande maand in Bloemfontein gehou word, luidens 'n verklaring van mnr. Harm Oost, L.V., die Uniale voorsitter van die Party.

Mnr. Oost het gesê dat mnr. Havenga ongetwyfeld 'n beroep om saam te staan gaan doen op „almal wat soos die Afrikaanparty voel oor die algemene beginsels van die politiek.”

VERJAARDAG-KETTING

JUNIE

- 8 Marieta Broodryk, Loxton.
- Reinetta Grobler, Zeerust.
- Hannie Erasmus Bosbokrand.
- 10 Maria Kilian, Middelburg, Tvl.
- 12 C. Rademeyer, Oudtshoorn.
- Martha du Preez, Groot Marico.
- 13 Sarah Nieuwoudt, Vryburg.
- Sarel Nieuwoudt, Vryburg.

Havenga-Standpunt

(Vervolg van bladsy 5 kolom 5)

slagoffer van die blanke „onreg”. As hy oproer maak in die stad en die polisie dwing hom met die knuppel tot ordelikheid, dan het die „wrede” blanke polisie hom „mishandel”. As 'n blanke sy astringheid nie wil vedra nie, en aandring op gewone beleefdheid, dan word brutaal geskel dat slawetyd verby is. En so gaan dit aan. Die nie-blankes word daagliks gevoed op denkbeeldige griewe en haat teen die witman word op die mees onverantwoordelike wyse aangeblaas.

En dit is verstaanbaar dat die witman nie ongevoelig hierteenoor bly nie. Hy word krowol. En 'n viesgevoel vat by hom pos. Hy word maklik die gewillige prooi van onnadenkende politici wat sy opblaasende anti-swart vooroordele uitbuit vir goedkoop party gewin.

Dis 'n ernstige situasie wat besig is om te ontwikkel.

SELFBEHEERSING

En indien gelukkige verhoudings tussen wit en swart herstel wil word mag daar onder

Wêreldbelang

Dr. en mev. H. W. Lippoldes, twee Duiste joernaliste, het na Suid-Afrika gekom om 'n studie van ons land se rassevraagstukke te maak. Hulle beskou dat Suid-Afrika se rasseprobleme van wêreldbelang is.




ROOK

Kommando

Die Vriendelike Sigaret

G1-3006



BEROEMD en WELBEKEND
oor die 66 jaar vir
BESTE WAARDE

in
KLAVIERE
VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte **MUSIEKINSTRUMENTE** en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — **DRAADLOOSTOESTELLE**
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, **VERKYKERS,** Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.



Nuwe afdeling vir
YSKASTE

ELEKTRIESE STOWE

Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

HAVENGA-STANDPUNT OOR KLEURWETGEWING

Die Volkswil Moet Beslis

Sedert mnr. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, sy standpunt ten aansien van fundamentele kleurwetgewing in die openbaar gestel het, en dit duidelik geword het dat sy standpunt verskil van sy bondgenoot-party s'n, het die Havenga-standpunt 'n belangrike faktor geword in die partypolitieke opset van ons land.

Derhalwe is die partypolitieke implikasies van die Havenga-standpunt deur die propagandiste van die twee groot partye tot in haarfyne sowel as denkbeeldige besonderhede uitgepluis.

Maar heeltemal te min aandag is tot dusver bestee aan die suiwer meriete van die Havenga-standpunt. En dit is hieroor wat ek wil skryf. Per slot van sake aanvaar of verwerp eerlike mense 'n standpunt omdat dit reg of verkeerd is. En teweens die tydelike partypolitieke implikasies van 'n bepaalde standpunt is geheel en al onbelangrik wanneer dit gestel word teenoor die blywende intrinsieke waarde van daardie standpunt.

Mnr. Havenga het besliste standpunt ingeneem teenoor, wat hy noem, fundamentele kleurwetgewing, d.i. wetgewing wat die bestaande regte van nie-blankes of sal verminder of sal vermeerder. Dit is belangrik om te onthou dat mnr. Havenga geen stelling ingeneem het ten aansien van gewone kleurwetgewing nie, d.i. wetgewing wat hoegenaamd nie bestaande regte van nie-blankes affekteer nie.

Die basis van die Havenga-standpunt is die handhawing van die blanke baasskap in Suid-Afrika en voorts dat fundamentele kleurwetgewing op 'n nie-party grondslag aangeneem moet word. Vandaar dat hy pleit dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word.

In die Volksraad het mnr. Havenga gesê: „Ek pleit daarvoor dat wanneer ons te doen het met sulke fundamentele sake, mag ons dit nie oplos op 'n partypolitieke grondslag nie, tensy ons weet dat die oorgroot meerderheid van ons volk agter ons staan, sodat daar geen gevaar bestaan dat dit deur 'n volgende regering weer omvergewerp gaan word nie.” Hy het sy baasskap-beleid soos volg uitgelê: „Wat ek bedoel met baasskap is dat geen beleid sal gevolg word, dat geen wetgewing sal aangeneem word wat politieke regte aan die natuurlike sal gee, of dit die bedoeling is of nie, wat uiteindelik daarop sal uitloop dat die posisie van die blanke man in gevaar gestel word.”

SPEELBAL VAN PARTYE

Mnr. Havenga eis dat die blankes as 'n eenheid moet optree wanneer hulle die regte van die nie-blankes vermeerder of verminder. Dit sal nooit deug dat een seksie blankes die regte van die nie-blankes vermeerder of verminder in die aangesig van die vasberade teenstand van 'n ander seksie blankes nie. Want sodanige wetgewing kan net tydelike bestaan hê, omdat die ander seksie blankes dit weer sal herroep sodra hulle die mag in die hande kry. En onder ons teenswoordige bestuursstelsel waar die meerderheidsparty en minderheidsparty mekaar gereeld afwissel as regering, is die tydelikheid van kleurwetgewing wat die toevallige meerderheidsparty deurpasseer in weerwil van die teenstand van die minderheidsparty heeltemal onbetwisbaar. Onder hierdie omstandighede word die regte van die nie-blankes die speelbal van twistende politieke partye wat rondgeskop word ooreenkomstig die eise wat die eie-belang van politieke partye van tyd tot tyd mag stel. En niks kan bedink word wat nadeliger is vir die kleurverhoudings in ons land as juis sodanige partyspel nie.

Dat hierdie gevaar nie denkbeeldig is nie bewys die Asiate-wetgewing wat die Verenigde Party aangeneem het en wat die Herenigde Nasionale Party en Afrikanerparty herroep het. Hierdie voorbeeld het mnr. Havenga self aangehaal om sy standpunt te illustreer. In 1948 het hy in sy bekende Brakpanse toespraak gesê: „Die optrede

van die Verenigde Party in verband met die toekenning van Indiërvoteenwoordiging in die Volksraad en Provinsiale Raad van Natal, wat deurgeforseer was met 'n blote partypolitieke meerderheid en nou weer vernietig is deur 'n ander partypolitieke meerderheid, moet vir ons die bewys lewer hoe ongewens en gevaarlik dit is om fundamentele kleurvraagstukke te beslis sonder inagneming van die bestaan al dan nie van 'n duidelike volkswil.”

DIE VERSKANSDE KLOUSULES

Die Havenga-standpunt eis derhalwe dat fundamentele kleurwetgewing nie partywetgewing mag wees nie maar wel volkswetgewing moet wees. Daarom is dit duidelik waarom mnr. Havenga sê dat die gees van die verskansde klausules in ons grondwet in ag geneem moet word. Op Brakpan het mnr. Havenga gesê: „Indien dit wel die bestaande juridiese posisie mag wees (naamlik dat die verskansde klausules op grond van 'n bepaalde beslissing van ons Appèlhof nie meer van krag is nie) dan bly tog nog seker bestaan die wenslikheid om soveel moontlik die gees en strekking van daardie bepalings in ag te neem.”

Artikel 35 van die Suid-Afrika-Wet bepaal dat die regte van nie-blankes nie aangetas mag word anders as met 'n tweede meerderheid van albei huise van die parlement nie.

'n Twee-derde meerderheid beteken in die praktyk die uittigting van die vraagstuk uit die partypolitiek want om die tweede meerderheid in die parlement te verseker sal ongetwyfeld vereis dat die stemmery nie op partygrondslag plaasvind nie.

Maar wanneer dit eenmaal verstaan word dat die Havenga-standpunt verlang dat fundamentele kleurwetgewing op 'n nie-partygrondslag aangeneem moet word dan word dit boonop duidelik en logies waarom mnr. Havenga nie aandrang op 'n twee-derde meerderheid nie, maar wel op 'n volksmeerderheid. Mnr. Havenga wil hê dat die steun vir die wetgewing deur die partye moet sny sodat 'n party as sodanig nie die wetgewing opponeer nie en derhalwe verplig is om dit te herroep wanneer hy weer aan bewind kom nie.

DIE GEWONE PARTYMEERDERHEID

In nasionaalgesinde kringe word dikwels beweer dat die verskansde klausules of die gees van die verskansde klausules heeltemal verontagsaam moet word en dat die regte van nie-blankes verminder moet word

met 'n gewone partymeerderheid — selfs teen die teenstand in van die hele Verenigde Party as sodanig. In dien hierdie standpunt seëvier gaan 'n baie gevaarlike presedent geskep word en gaan die Verenigde Party in die onweerstaanbare versoeking verlei word om die regte van nie-blankes te vermeerder wanneer hy weer aan bewind kom.

En die nasionaalgesinde politieke partye kan oneindig minder regte wegneem as wat die Verenigde Party kan gee. Die nasionaalgesinde partye kan drie natuurleverteenvoorders uit die Volksraad, drie uit die Senaat en drie uit die Kaaplandse Provinsiale Raad verwyder asook ongeveer 50,000 kleurlingkiesers van die gesamentlike kieserslyste. Die Verenigde Party kan daarenteen natuurleverteenvoording in die bestuursliggame herstel en selfs vergroot tot in die oneindige; hulle kan Asiate-verteenvoording herinstel; en hulle kan die blankes en kleurlinge weer op gesamentlike kieserslyste rangskik — en boonop kan hulle aan elke kleurlingman en kleurlingvrou bo 21 jaar die stemreg gee!

Wanneer 'n nasionaalgesinde party die regte van nie-blankes met 'n gewone partymeerderheid verminder dan speel hy met vuur — vuur wat die party moontlik nie gaan verbrand nie, maar wat ongetwyfeld die nageslag gaan verteer.

Dit moet onthou word dat daardie verskansde klausules wat wesenlik beteken dat fundamentele kleurwetgewing met 'n volksmeerderheid aangeneem moet word, 'n waarborg is nie alleen vir die nie-blankes nie, maar ook vir die blankes. Dit verhoed wel dat nie-blanke regte willekeurig verminder word maar dit verhoed terselfdertyd dat nie-blanke regte willekeurig vermeerder word.

Morele Verpligtinge

Tot dusver het ek die Havenga-standpunt behandel in die lig van die blanke se belange. En ek verstout my om te sê dat die blankes se belange geen ander standpunt insake kleurwetgewing kan duld nie. Maar daar is ook 'n ander benadering wat ek wil bespreek — uit die hoek van die blanke se morele verpligtinge.

Op hierdie stadium is die nie-blankes nog grotendeels 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse bevolking. Al die kleurlinge en Asiate woon saam met en tussen die blankes oral in die land rond. Minder as die helfte van die natuurlebevolking woon in die natuurlegebiede en meeste van hulle is as individue — afgesien van die natuurlegebiede as sodanig — vir korter of langer tydperke

KLEURLINGWETGEWING

Dit word soms voorgestel asof die hele verskil tussen mnr. Havenga se kleurlingstandpunt en sy bondgenootparty s'n gaan oor die aantal verteenwoordigers wat die kleurlinggemeenskap in die parlement moet kry. Dit is 'n baie oppervlakkige voorstelling van die feite.

Wanneer die Herenigde Nasionale Party die kleurlinge op aparte kieserslyste wil plaas, m.a.w. wanneer hulle wil verhoed dat kleurlinge en blankes gesamentlik 'n volksraadslid kies en wil bewerkstellig dat kleurlinge afsonderlik hul eie verteenwoordigers kies, dan hoef die verandering nie noodwendig 'n vermeerdering of vermindering van kleurlingregte mee te bring nie. Normaalweg sal dit eenvoudig beteken dat die kleurlinge afsonderlik en ooreenkomstig die gewone kiesafdeling-kwota soveel eie verteenwoordigers kies as wat hulle stemgeregtigde getalle regverdig. En derhalwe kan mnr. Havenga ooreenkomstig sy neêrgelede standpunt in beginsel 'n maatreeël steun om met 'n gewone partymeerderheid kleurlinge op aparte kieserslyste te plaas. Trouens mnr. Havenga het uitdruklik in die Volksraad verklaar: „Ek is van mening dat om aparte kieserslyste te hê geen regte aantas in stryd met artikel 35 nie. Dit sal ek ondersteun. Ek dink dat dit in belang van die blankes is.”

FUNDAMENTEEL

Maar die verandering mag ook gebruik word of die regte van kleurlinge uit te brei, deur byvoorbeeld aan die 50,000 kleurlingkiesers meer verteenwoordigers in die Volksraad te gee as wat 50,000 blankes het; of om die regte van kleurlinge te verminder, deur bv. die 50,000 kleurlingkiesers minder verteenwoordigers in die Volksraad te gee wat 50,000 blanke kiesers het. Dan word die verandering ooreenkomstig mnr. Havenga se standpunt fundamentele kleurwetgewing wat net met 'n volksmeerderheid deurgevoer mag word.

En dit is presies wat gebeur het. Dr. Malan wil die kleurlinge op aparte kieserslyste plaas, maar met die verandering wil hy tegelykertyd die kleurlinge se regte verminder, deur hulle net drie verteenwoordigers met beperkte magte in die Volksraad te laat kies. Mnr. Havenga sê daarenteen dat sodanige fundamentele kleurwetgewing nie met 'n gewone partymeerderheid aangeneem mag word nie.

Die verskil tussen mnr. Havenga en dr. Malan oor laasgenoemde voorgenome kleurlingwetgewing is dus baie dieper as net 'n koppige twis oor die aantal verteenwoordigers wat die kleurlinge in die parlement moet kry. En diegene wat dit as 'n getalle-twis voorstel bewys nóg mnr. Havenga nóg dr. Malan 'n guns.

Meegaande uiteensetting van Min. N. C. Havenga se standpunt insake fundamentele kleurwetgewing is opgestel deur 'n lid van die Hoofbestuur van die Afrikanerparty en aan Die O.B. vir publikasie oorhandig.

In die afgelope maande het lesers dikwels by Die O.B. navraag gedoen oor min. Havenga se standpunt. Derhalwe is Die O.B. bly om hierdie uiteensetting aan sy lesers te kan bied.

maatskappy volkome is — wanneer daar nie meer één gemengde samelewing is nie, maar verskeie aparte samelewings — sal daardie apartheid ook in die bestuurlike organisasies weerspieël moet word). Ek dink almal sal hierdie stellings ondersteun.

Op hoedanige wyse die weerspieëling van die gemengheid van die bevolking in die bestuurlike liggame sal geskied mag egter nie somar willekeurig bepaal word nie. Daar is historiese uitvloeiels wat in ag geneem moet word en bowendien is daar die waarborge en erewoord van die blanke teenoor die nie-blanke wat nie goedsmoeds verbreek kan word sonder om die welwillendheid van die nie-blankes permanent in te boet nie. En dit mag nie lig-sinnig vergeet word nie dat die suksesvolle uitvoering van die hele apartheidbeleid die samewerking van blank en nie-blank verg. Om derhalwe 'n beleid te volg wat die blywende vyandskap van die nie-blanke teenoor die blanke gaan verseker, beteken om 'n beleid te volg wat apartheid gaan verongeluk. En hieroor moet die oorhaastiges asseblief peins.

GOEIE TROU

Deur die standpunt wat hy inneem wil mnr. Havenga aan die nie-blankes die bewys lewer van die blankes se goeie trou teenoor hulle. Daardeer wil hy illustreer dat die blankes die vertroue van die nie-blankes waardig is. En dat die nie-blankes met gerustheid met die blankes kan onderhandel sonder om die blankes se motiewe in twyfel te trek of om te vrees dat die blankes hul erewoord (vir tydelike partyvoordeel, of weens wrokvoelens) sal breek.

Verantwoordelike nie-blanke leiers erken openlik dat hulle mnr. Havenga nie van 'n twyfelagtige handelwyse teenoor die nie-blankes kan beskuldig nie. Hoewel hulle nie sy apartheidstowe mag stoun nie gee hulle toe dat mnr. Havenga van genl. Hertzog geleer het dat die blanke man se woord teenoor die nie-blanke ook die blanke man se wet moet wees.

Almal betreur vandag die verslegting van die verhoudings tussen blank en nie-blank in ons land. Ek wil aanvoer dat die Havenga-standpunt die basis bied waarop 'n nuwe welwillendheid tussen wit en swart gebou kan word.

ANTI-SWART VOOR- OORDELE

Dit veroorsaak by alle blankes die grootste ergenis dat Kommunistiese en ander agitators die nie-blanke massas in ons land opsweep en oprui teen die blankes. Hierdie oorlamse venters weet om die blankes te blameer vir elke onheiltjie wat die nie-blankes tref. As hy nie in die pot roer nie en sy pap brand aan dan is dit die blankes se skuld. 'n Blanke „uit-buiter” het slegte miellemeel aan hom verkoop. As hy steel en in die tronk beland is hy 'n (vervolg op bladsy 4 kolom 4)

President Of Goewerneur-Generaal?

Die Goewerneur-generaal gaan met langverlof. Die huidige Hoofregter van die Unie sal in sy plek waarneem. Gerugte dat Minister Jansen die betrekking aangebied is, word deur dr. Malan ontken. Al dus lui die beriggewing wat tans opnuut die posisie van die Unie se hoogste waardigheidsbekleër onder die soeklig plaas.

DIE AMP EN DIE PERSOON

Soos meesal in sulke sake die geval is hang die aard van die amp en die soort van persoon wat in die amp gevind word nou saam. In die koloniale tydperk het die goewerneur werklike mag besit en dit ook uitgeoefen. Ironies egter dat met die ontplooiing van die volle soewereine status van die Unie die magte van die Goewerneur-generaal, die opvolger van die koloniale goewerneur, ewe gestadig verwelk het. Om te beweer dat hy van geen praktiese politieke belang meer is nie sou verkeerd wees, want in oomblikke van krisis kan hy moontlik die troewe in die mou voer. Dit het met Sir Patrick Duncan gebeur. Maar as 'n reël sal hy slegs die griffier van die Kabinet wees om wetgewing met sy handtekening te verseël en op die wetboek te laat beland en om volgens vaste en erkende reëls van die spel sekere pligte as skeidsregter in die politieke strydperk waar te neem.

GEVARE IN HUIDIGE TOESTAND

Daar is verskeie gevare in die huidige toestand opgesluit. Eerstens is dit 'n feit dat die gewone rol wat die Goewerneur-generaal speel nóg met die werklike gesag van 'n regeringshoof nóg met die oorerflike prestige van 'n koninklike staatshoof bekleed is. Vir enige politieke daadkragtige moet dit 'n voortdurende bron van frustrasie wees om aan 'n seremoniële parade van dag tot dag gekniehalter te wees.

Nóg die staat nóg die enkeling wat betrokke mag raak kan by dié vervroegde begrawing van talente veel baat. Geen wonder dat die strewe om daar te kom so opsigtelik by die staatkundige leiers van die Unie afwesig is nie.

Die gevolg is dat die baantjie na iemand gaan wat dit pligshalwe al protesterend aanvaar as patriotiese — of partypolitieke — diens wanneer hy nie elders meer doeltreffend kan optree nie. Tog word daar in sekere krisissituasies die mees beslissende funksies aan die Goewerneur-generaal se optrede verbind en kan die volk in daardie uur nie anders as stilweg die bede op te stuur nie dat die man wat moontlik eenmaal in tien jaar 'n historiese plig moet nakom die wysheid sowel as die politieke eerbareheid mag hê om die korrekte stap te neem.

Ongelukkig sal weinige bekwames 'n amp wil aanvaar bloot om moontlik die kans te kry om belangrike werk te doen. Dis die huidige dilemma.

VERSKIL VAN KONING

Die probleem hoe om die betrekking vir die beste kragte aantreklik te maak is voorwaar 'n moeilike. 'n Koningshuis, en meer bepaald die Britse koning kan geweldig veel beteken vanweë die feit dat een enkele familie gedurende geslagte kennis, ervaring, en as hul iets beteken, die vertroue en liefde van die hele volk opgaan en as 'n behoudende invloed in tyd van nood in diens van die nasie kan stel. In so 'n geval tel formele politieke magte op die lange duur waarskynlik minder

as die sedelike krag wat van die koningskap uitgaan.

So 'n koningshuis word egter nie kunsmatig geskep nie. Die geskiedenis skenk dit aan 'n volk, of weerhou dit. Aan Suid-Afrika is dit nie toebedeel nie.

PRESIDENTSKAP 'N UITWEG

Deur die jare egter het die nasionale Afrikanerdom daartoe gekom om veel van die agting wat die Britte aan die Huis van Windsor gee aan die presidentskap as amp te laat toekom.

Deur J. de Vos

Soos die geval met die Engelse koningshuis by sy onderdane is daar al byna 'n mite om die presidentskap as 'n Afrikaanse staatsbetrekking opgebou. Die feit dat die laaste presidente van die onafhanklike republieke met die heroïese stryd om selfbehoud en onafhanklikheid onafseidelik verbonde is en dat hul amp telike loopbane met die republikeinse state te gronde gegaan het, werp nog steeds 'n waas van glorie oor die hoë pos.

Dit sou egter 'n geskiedkundige flater wees om die presidentskap in ere te herstel sonder enige werklike magte, dog slegs met die verdorde, vale dop van die ou goewerneur-generaalskap, yle skaduwee van die Britse koningskap as omhulsel en met ontsielende onmag as inhoud. Daarom sal ons verkies om die verklaring van dr. Malan dat 'n goewerneur-generaal deur die volk verkies ook president kan wees nie sonder kwalifikasie as die finale uitspraak te aanvaar nie.

DIE PERSOON

As die pos van Goewerneur-generaal bly wat dit is kan dit gerus maar tradisie word om 'n Hoofregter daarvoor aan te stel. Vanweë sy opleiding en afsydigheid van regstreekse politieke aksie sal hy die beste en miskien die maklikste daarin pas. Maar as daar staatkundige magte aan die amp verbind kan word sal die presidentskap as instelling vir die volk herleef en die sterkste aktiewe politieke kragte na die bopunt van die staatsgebou trek. Ons weet nie met sekerheid wie die volgende goewerneur-generaal sal wees nie. Die betrekking behoort egter sodanig te wees dat generaal Smuts, dr. Malan of mnr. Havenga dit 'n paslike slot vir 'n groot loopbaan sal beskou.

Tans is dit gebruikelik om by die naam van enige van hierdie here se name die skouers op te haal en sinies-laggend op te merk dat so 'n gerug seker maar ongrond is, aangesien nóg die een nóg die ander daarvoor te vinde sal wees. Tog moet iemand, 'n waardige figuur, gevind word. Gerugte aangaande hierdie of daardie moontlike aanstelling doen die rondte. Dusver is die sluimerende kragten goede wat opgesluit lê in die amp van President van die Unie, of wie weet President van die State van Suidelike Afrika, nog nutteloos en onaangeraak.

'N OPLOSSING

Die oplossing lê voor die hand. Skep die betrekking van President; laat die volk hom kies en gee hom groot en werklike magte, hoewel streng omskreef en beperk, soos dié van die President van die Verenigde State; gee hom regstreekse of onregstreekse beheer oor die Uitvoerende Gesag vir 'n bepaalde tydperk. Die Afrikaner se tradisie sal dit verwelkom en die Engelse sal daarby aanpas soos dit in die Verenigde State geskied het. Onttrek die hoogste staatsamp aan ten minste die daaglikse invloedseer van die partysweep, hoewel nie aan die sfeer van

staatsaksie nie.

Dan sal die volk weer 'n vader hê wie se politieke voortbestaan nie op die fundamente van 'n onontbeerlike parlementêre meerderheid van dag tot dag moet voortleef nie. Hy sal van politiek nie geskei wees nie. Hy sal egter nie 'n politieke masjien se slaaf wees nie en die politieke partye sal ophou om die kweekplek van verbete ja-broers te wees. Dan sal son, maan en sterre nie neerstort as koukulede volgens oortuiging stem en selfs die President se wetgewing waar nodig dwarsboom nie. Soos Roosevelt en Truman sal ook ons President dit oorleef. Soos die V.S.A. sal ook die Unie leer om 'n Vasteland te lei.

Dan sal ons die name van ons beste as bekleërs van die hoogste staatspos kan noem sonder die skeptiese skouerophaling of sardoniese glimlag as enige antwoord te erlang.

(vervolg van bladsy 1 kolom 5) Party was nie om nou tot die party-geledere toe te tree voortaan slegs weer artikel (1) van die Party Konstitusie by die toelating van lede deur wyksrade te laat geld.

Die betrokke artikel lui dat persone as lede toegelaat word wat die volgende onderneming geteken het:

„Ek verklaar hierby dat ek die uitgesproke beginsels van die H.N.P. of V. omhels en sal handhaaf en verbind my uit vrye beweging en opregtheid om die verpligtinge aan die lidmaatskap van die H.N.P. of V. verbonde volgens konstitusie getrou na te kom en my aan die gesag en tug van die organisasie te onderwerp.

„Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of van enige organisasie met 'n politieke strekking nie.”

DIE ANGEL

Die angel van hierdie besluit lê in die laaste sinsnede van die verklaring van lidmaatskap. Hiervolgens word persone uitgesluit wat lid is van „'n organisasie met 'n politieke strekking.” Die Kongres het hierdie sinsnede ingevoeg sonder verwerping van sy diskriminasiebeleid want dr. Malan het reeds in 1941 seker gemaak dat O.B.-lede as gevolg van hierdie voorwaarde uitgesluit sal word. In Oktober 1941 het hy die Ossewabrandwag tot politieke organisasie verklaar en sy lede gevra om daaruit te bedank.

Trouens die O.B. is 'n organisasie met 'n politieke strekking. Hy het wel nie 'n party-politieke strekking nie.

En onder dekking van hierdie „politieke strekking”-voorwaarde het die H.N.P. inderdaad in 1949 teen O.B.-lede gediskrimineer en geweier om Afrikaner-partykandidate te ondersteun wat ook lede van die O.B. is.

SAMEWERKING?

Die Vrystaatse en Natalse Herenigde Nasionale Partye het hulle vereenselwig met die besluite van die twee groter provinsiale partye. Op Dinsdag 21 Oktober 1947 het mnr. C. R. Swart voor die Vrystaatse Kongres van die H.N.P. gesê „dat die Nasionale Party die beleid van die O.B. wat 'n partylose of gesagstaat bepleit baie duidelik repudieer. Die Nasionale Party sal nie kan stem vir 'n kandidaat wat 'n voorstander van 'n partylose of gesagstaat is nie.”

Dit is die geldende patroon van die Herenigde Nasionale Party se besluite oor diskriminasie teen hul mede-Afrikaners in die Ossewabrandwag. Die 1950-kongresse van die Party lê nog voor. Sal die Party in hierdie jaar ou besluite herroep en nuwes neem wat die weg vir samewerking oopsluit?

Mooi Opkoms By Sametrek

'n Geslaagde en goedbygewoonde sametrekking van generaalskap A 19 is verlede Saterdagmiddag gehou in die Stadsaal op Heidelberg (Kaap) onder voorsitterskap van genl. J. L. Swart. Die kommando's van Heidelberg, Barrydale, Swellendam en Riversdal was verteenwoordig.

Die sametrekking was vereër deur die teenwoordigheid van mev. M. E. Rothman (M.E.R.), wat op Swellendam woon. Mev. Rothman, wat as beproefde vroueleidster reeds haar merk in ons land nagelaat het, is een van die mees waardeerde vrouelede van die O.B. in Kaapland. Trouens sy is lewenslange erelid van die Kaaplandse Beheerraad. In 'n kort toespraak het sy haar tevredenheid uitgespreek met die rigting waarin die leiers die O.B. stuur en waardering betuig vir die O.B. — „die enigste blad in ons land wat die partypolitiek beveg.”

Mnr. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier van die O.B., het die sametrekking toegesprek. Hy het die Ossewabrandwag se plek in ons openbare lewe behandel en gewys op die noodsaaklikheid om die grootse doelstellings van die O.B. te bereik — juis in hierdie tye waarin ons leef. Hy het namens die leiers 'n beroep op die offisiere gedoen om met nuwe ywer die stryd voort te sit en om die Ossewabrandwag sterk te maak.

Mnr. J. Ras, kommandant op Riversdal, het gesê dat die O.B. die voortsetting is van die goue draad in ons geskiedenis — die draad wat die mooiste stryd van ons volk verteenwoordig. Hierdie draad mag nooit breek nie, maar moet altyd ingevleg word in die lewe van ons volk.

Mnr. S. W. Joubert, kommandant op Barrydale het verklaar dat die offisiere en brandwagte

van sy kommando vergader het en hulle opnuut verbind het om vanselfsprekend die stryd voort te sit tot die oorwinning behaal is. Op Barrydale kan in die toekoms gereken word, net soos in die verlede, het hy gesê.

Organisasiesake is bespreek en offisiere het onderneem om te woel met die gesinsvorme.

Mev. Swart, asst.-hoofkomde., en mev. S. Mouton, die plaaslike kommandante, en hul gewillige helpers het gesorg vir koek en koffie. Die vroue het goeie sake gedoen want hul kraampie het f6 10s. opgelewer.

K.W.V. ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Twee-en-Dertigste Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouders van die K.W.V.

sal om 10.30 vm. op
Woensdag, 14 Junie 1950
in die
STADSAAL, PAARL
gehou word.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt-sigarette lyk goed, voel goed, smaak goed en rook goed.

Lank reeds is die uitsoek-tabak wat nou in Rembrandt-sigarette gebruik word sorgvuldig weggeleë om te verouder want net soos wyn het tabak ouderdom nodig om tot volle rypheid te kom.

Daarom het so baie rokers oorgeslaan na

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook”

Kopiereg

RA.9